

GG gewasse is baie anders

Geneties gewysigde (GG) sade word kunsmatig in 'n laboratorium geskep met gene van verskillende organismes wat die GG-sade nuwe eienskappe gee, soos die produksie van insekdoders binne die sade en plante, of die vermoë om swaar konsentrasies van die gifstof glifosaat, te oorleef.

Hierdie proses, ook genetiese modifikasie genoem, gebeur nooit in die natuur nie en skep nuwe en onbekende risiko's vir mense-, diere- en omgewingsgesondheid.

Derhalwe het baie regerings GG voedsel verbied of beperk. Dit is skokkend dat ons regering toelaat dat ons gevaarlike GG mielies as **stapelvoedsel in Suid-Afrika** eet!

Honderde onafhanklike studies toon dat GG voedsel ernstige skade aan

ons mae, lewer, niere en immuunstelsel, sowel as ons vermoë om kinders te hê, kan veroorsaak. Hulle waarsku ook dat daar veel meer gevare kan wees wat ons tans nie ten volle begryp nie.

Ons regering ignoreer hierdie onafhanklike wetenskap. Hulle vertrou eerder navorsing deur **dieselfde maatskappye wat GG-sade ontwikkel** en weier om hul eie veiligheidstudies te onderneem.



www.acbio.org.za
Tel +27 (0)11 486 1156



IS ONS PAP VEILIG?

Onafhanklike navorsers waarsku dat geneties gewysigde voedsel gevaarlik is.

GG gewasse word na onvoldoende toetse goedgekeur

Geen langtermyn veiligheidstudies word onderneem voordat nuwe GG voedsel in ons stelsel, ons liggame en ons omgewing, vrygelaat word nie. Wanneer 'n maatskappy 'n nuwe GG gewas in die mark wil vrystel, onderneem hulle gewoonlik veiligheidstudies op voëls, muise en rotte vir 'n maksimum van 90 dae. Soms duur hierdie studies so kort as **2 weke!**

Onafhanklike wetenskaplikes vind dit baie moeilik om hierdie toetse te bestudeer, aangesien baie van die inligting beskerm word en geheim gehou word as "Vertroulike Besigheidsinligting".

Affekteer die chemikalie wat op GG plante gebruik word, ons gesondheid?

Nuwe wetenskaplike studies toon dat die **glifosaat** wat op GG gewasse geprei word, niersiektes, borskanker, geboorte defekte en miskrame kan veroorsaak. Dit is 'n bron van groot kommer vir plaaswerkers wat in die GG lande aan hierdie gifstof blootgestel word.

En wat van die verbruikers wat pap eet wat van GG mielies gemaak is wat met glifosaat gespuit is? Hoe affekteer dit hulle gesondheid?